# Van die redakteur

## Geagte kollega

Daar word in sekere kringe beweer dat die Romeinse Ryk na 600 jaar se bestaan weens die inval van die Germane tot niet geraak het maar dit was nie die geval nie. Die Romeinse Ryk het in duie gestort omdat te veel persone hulself en hul vriende in hoë poste aangestel het en omdat te veel van die fondse (belastings en andere) wat vir die staat se instandhouding en die algemene werking van die staat nooit by die regte plekke uitgekom het nie.

In Suid-Afrika klink dit soms bekend maar die hoop is dat die staatsdiens die voorbeeld van die Ontvanger van Inkomste (SARS) wat een van die mees effektiewe belastingdienste in die wêreld is, sal volg. Tog verwag mens van professionele liggame dat hul meer effektief as die staatsdiens moet wees.

In die geval van die Suid-Afrikaanse Raad vir Beplanners (SACPLAN) is dit nie die geval nie. Hier het ons nou die tweede Raad sedert die groot omwenteling maar lyk dit nie of die Raad of sy werknemers meer effektief word nie. Persoonlik het ek tot nog geen rekening van die Raad die laaste twee jaar deur die pos ontvang nie. Verlede jaar het ek telefonies navraag gedoen en is ek meegedeel dat ek nie moet inmeng nie. Vanjaar het ek 'n e-pos in die verband geskryf en 'n antwoord asook rekening gekry. Net so het die Vrystaatse Universiteit vier jaar vir die Eerste SACPLAN gewag vir 'n evalueringsbesoek. Die Tweede SACPLAN het vinnig gereageer en die Universiteit in November 2008 besoek. Daar is tydens die besoek gemeld dat die Raad hul voorlopige verslag teen einde Januarie 2009 sou beskikbaar stel aan die Universiteit vir kommentaar, met die finale verslag wat in April 2009 voltooi moes wees. Nou, in Oktober 2009 is die voorlopige verslag nog nie ontvang nie en 'n volgende besoek is geskeduleer vir die tweede helfte van 2010. As die verslag in die laat stadium van die jaar beskikbaar gestel word is dit te laat om veranderinge aan te bring voor 'n volgende besoek. Universiteite, soos die staatsdiens, is nie plekke waar veranderinge maklik geskied nie want daar is 'n hele klomp romp slomp. Hierteenoor behoort die Raad as professionele liggaam die weerspieëling te wees van 'n professie wat vinnig en strategies kan opereer. Die teendeel blyk waar te wees en is ons een van die min beroepe wat na al die jare nog nie by SAQA geregistreer het nie. Hierdie Raad is deur die destydse minister van Landbou aangestel en dus moet die Minister verantwoordelikheid aanvaar vir hul optrede (of laksheid van optrede).

Hierteenoor is Suid-Afrikaanse Beplannings Instituut (SAPI) wat oor die algemeen maar swak deur sy potensiële lede ondersteun word, en slegs in enkele streke is daar baie aktiewe takke. Die twee jaarlikse internasionale kongresse wat

# From the editor

## Dear colleague

In some circles it is thought that the Roman Empire crumbled after 600 years because of the Germanic invation but this was not the case. The Roman Empire collapsed because there were too many people appointed their friends in high positions and too much funds (tax and others) that were needed to maintain the government and functioning of the state.

In South Africa we are familiar with this situation, but hope that government will follow the example set by the South African Revenue Services (SARS) which rendered one of the most effective services in the world. We expect professional bodies to be more effective than government.

In the case of the South African Council for Planners (SACPLAN) it is not the case. We have the second council after 1994 and they are even less effective. Personally I received no account for the plast two years. Last year I enquired by telephone and was told that I should not interfere. This year I sent an e-mail and got an answer and an account. The University of the Free State waited four years for the first SACPLAN to do an evaluation visit. The second SACPLAN responded early and visited us in November 2008. They confirmed that the preliminary report will be sent at the end of January 2009 for comments and the final report should be finished in April 2009. In October 2009 nothing was received and the next visit was scheduled for the second half of 2010. If the report is received at this late stage there is no time to rectify anything before the next visit. Universities and the government are not moving quickly because of red tape. The Council as professional body should be nimble and able to perform strategically. It is not happening and we are still not registered with SAQA. This Council was appointed by the former minister of Agriculture and thus the minister had to take responsibility for their actions or non-actions.

On the other hand the South African Planning Institute (SAPI) which is poorly supported, in only some areas there are active branches. They present biannual conferences that are the highlight of the planning profession. They try to steer planning in the right direction within a limited budget, but does not have access to the minister if they encounter problems. At present the situation is unsure because of political changes and fluctuation of departments.

Universities and other higher education institutions have another platform via the Heads of Planning Schools who can approach the minister about the problems of the profession and the non-action of SACPLAN. Town and regional planners and private firms should approach the minister about the lack of

# Ho tswa ho Mohlophisi

## Motho ya sebetsang le nna

Dibakeng tse ngata ho nahanwa hore Puso ya Maroma ka mora dilemo tse makgolo a tsheletseng (600) e a wa kapa hona ho putlama ke lebaka la phutuhelo ya naha ya Jeremane, empa ha ho a ka ha etsahala jwalo. Puso ya Maroma e ile ya putlama ka hobane ho ne ho ena le batho ba bangata ba ileng ba kenya metswalle ya bona maemong a phahameng a tshebetso le matlole a phahameng (lekgetho le a mang) a hlokehang ho boloka mmuso mme tshebetso ya mmuso e ne e sa sebediswe ka nepo.

Ka hara Afrika Borwa re se re tlwaetse le ho tseba boemo ba mofuta ona, empa re tshepa hore mmuso o tla latela se etswang ke Moamohedi wa Lekgetho (SARS) ya faneng ka ditshebeletso tse phethahetseng tse matla lefatsheng. Re lebeletse hore dibaka tsa tshebetso tse phahameng kapa mekgatlo ya boemo bo phahameng ho sebetsa ka matla ho feta mmuso.

Ha e le tabeng ya Lekgotla la Baradi la Afrika Borwa ha ho jwalo. Re bile le lekgotla la abobedi ka mora selemo sa 1994 mme ha di fela ha di sebetse letho. Nna ka bonna ha ke a ka ka amohela akhaonto ya dilemo tse pedi tse fetileng ka immeile. Selemong se fetileng ke ile ka batlisisa ka mohala mme ka bolellwa hore ke se ke ka sitisa. Selemong sena ke romeletse immeile mme ke fumane karabo le akhaonto. Yunivesithi ya Freista e ile ya ema dilemo tse nne e emetse Lekgotla la Baradi la Afrika Borwa ho tla ka leeto la ho hlahlobisisa. Lekgotla la bobedi la Baradi la Afrika Borwa le arabile ka pele esita le ho re etela ka la Pudungwane 2008. Ba tiisa hore pehelo (tlaleho) e tlang pele ho ya nnete e tla romlwa mafelong a Pherekgong 2009 hore ho buisanwe ka yona mme pehelo (tlaleho) ya ho qetelo e tlamehile hore e be e fedile ka Mmesa 2009. Kgweding ta Mhalane 2009, ha ho letho le ileng la amohelwa mme leeto le latelang lena le ile la behelwa dikgweding tse tsheletseng tsa qetelo tsa selemo sa 2010. Haeba ho amohetse ditlaleho nakong ena eo e seng e lekane motinyane ha ho na nako ho lokisa pele ho nkuwa leeto le latelang kapa le hlahlamang. Diyunivesithi le mmuso ha ba potlakise ditaba ka lebaka la ho kginwa. Lekgotla jwalo ka mokgatlo o phahameng le tlamehile ho phakisa le ho kgona ho sebetsa ka maano a lona. Ha ho etsahale jwalo mme re sa ntse re eso ngodise le SAQA. Lekgola lena le thonngwe ke letona la mehleng la tsa temo mme ka mokgwa o jwalo letona le ile la tshwanela ho ikarabella ho tseo a di etsang kapa tseo a sa di etseng.

Ka lehlakoreng le leng, Mokgatlo wa Moralo wa Afrika Borwa o sa tshehetsweng hakaalo ho na le makala a sebetsang dibakeng tse ding. Ba tshwara diboka habedi ka selemo tseo

hul aanbied is een van die hoogtepunte wat beplanning betref in die land. Hul poog om binne hul ekonomiese vermoëns beplanning in Suid-Afrika in die regte rigting te stuur maar het in die verlede gesukkel om by die betrokke minister uit te kom as die professie probleme ondervind. Tans is die situasie nog onseker as gevolg van die verandering op politieke gebied en die skommeling van departemente.

Universiteite en ander hoër onderwysinstellings het deur die komitee van Hoofde van Beplanningsskole 'n werktuig om ook 'n invloed te kan uitoefen om die minister daarop te wys welke probleme die professie ondervind weens die gebrekkige funksionering van SACPLAN. Net so moet individuele stads-en streekbeplanners of privaat firmas hul ook tot die minister wend gesien die swak dienslewering wat ons professie van sy professionele Raad kry. Die professie kan aandring dat die Minister die optredes of gebrek aan optredes van die Raad moet ondersoek. Suid-Afrika het te kampe met baie probleme en armoede wat alleen deur effektiewe beplanning opgelos kan word. Dit kan alleen geskied in 'n klimaat waar sodanige professie kan wys dat hul professioneel kan optree.

services from our professional Council. The profession could demand an enquiry from the minister into the affairs of the Council. South Africa has may problems and poverty that needs proper planning. This can only happen when a profession is governed by a professional body that acts professionally.

e leng lesedi le matla la moralo wa thuto. Ba leka ho isa moralo lehlakoreng le nepahetseng la tekanyetsokabo e nyenyane, empa ha ba fihlelle letona ha ba thulana le mathata. Nakong ya honajwale boemo bo batla bo le lerootho ka lebaka la diphetoho tsa sepolotiki le mafapha a theohang a nyoloha.

Diyunivesithi le dibaka tse ding tsa thuto e phahameng di na le mokgwa o mong hape ka Dihlooho tsa Sekolo sa Moralo ho ka fihlella letona ka mathata a thuto le ho sa sebetse ha Lekgotla la Baradi la Afrika Borwa. Baradi ba toropo le ba lebatowa le difeme tseo e eng tsa mmuso di ye ho letona ka tlhokeho ya ditshebeletso ho tswa Lekgotleng la rona la thuto. Ba tsa thuto ba tsekelle ho etsa patlisiso ho letona ka ditaba tsa Lekgotla Afrika Borwa e na le mathata a mangata esitana le bofuma tse hlokang moralo o nepahetseng. Sena se ka kgoneha feela haeba thuto e tsamaiswa ka boqetseke.

| Korreksie | Correction |
|---|---|
| Ons vra hiermee om verskoning vir 'n drukfout in die vorige uitgawe 54 van die tydskrif *Stads- en Streekbeplanning*: | We would like to apologise for a misprint that ocurred in the previous issue 54 of the *Town and Regional Planning journal:* |
| Die keurderspaneel vir daardie uitgawe moet soos volg lees: | The panel of referees for that issue should read as follows: |

**Prof. Dave Dewar** (School of Architecture and Planning, University of Cape Town)
**Prof. Aly Karam** (School of Architecture and Planning, University of the Witwatersrand)
**Prof. Lochner Marais** (Centre for Development Support, University of the Free State)
**Prof. Alison Todes** (School of Architecture and Planning, University of the Witwatersrand)
**Prof. Mfaneseni Sihlongonane** (University of the Witwatersrand)
**Prof. Peter Wilkinson** (School of Architecture and Planning, University of Cape Town)
**Dr Karina Landman** (CSIR - Built Environment, Pretoria)
**Dr Colin Marx** (School of Geography, Geology and the Environment, Kingston University London)
**Dr Claire Benit** (School of Architecture and Planning, University of the Witwatersrand)
**Dr Lucien van der Walt** (University of the Witwatersrand)
**Dr Tanja Winkler** (University of the Witwatersrand)
**Dr Tanya Zack** (Development Planner consultant, Johannesburg)
**Sarah Charlton** (School of Architecture and Planning, University of the Witwatersrand)
**Becky Himlin** (Executive Director, Planact)
**Jens Kuhn** (Research Manager: Housing, City of Cape Town)
**Sharon Lewis** (Knowledge Manager, South African Cities Network)
**Helen Macgregor** (Development Action Group, Cape Town)
**Richard Martin** (Architect/Planner, Director of Sigodi Marah Martin, Johannesburg)
**Samatha Naidoo** (director of management and support , housing department, City of Johannesburg)
**Melinda Silverman** (University of the Witwatersrand)
**Mary Tomlinson** (University of the Witwatersrand/consultant)
**Amanda Wiliamson** (University of the Witwatersrand)
**Alison Wilson** (Social Housing Consultant, Johannesburg)